

17 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 55

Fokusgedeelte: Psalm 55:23

Laat jou sorg aan die Here oor

Die psalmdigter verkeer in groot gevaar, want hy word bedreig deur vyande wat hom wil doodmaak. Hy het geen toevlug in hierdie trouelose en sondige wêreld vol onreg en bedrog nie. In 'n oomblik van twyfel wens hy dat hy soos 'n voël kan wegvlieg van hierdie gevaar af wat soos 'n verwoestende storm op hom afkom.

Wat vir hom die pynlikste is, is dat dit nie sy vyand is wat ontrou teen hom optree nie, maar 'n goeie vriend. Dit is soos die ergste vorm van verraad. Dit laat hom weerloos voel in 'n wêreld waarin hy niemand kan vertrou nie.

Maar hy vlug nie soos 'n voël weg nie. Hy soek sy toevlug by die Here. Hy laat sy bekommernisse aan die Here oor met die vertroue dat die Here sal sorg.

Om ons sorg aan die Here oor te laat, is 'n gedagte wat ons meermale in die Skrif kry, bv. Ps 37:5 en 1 Petr 5:7. Paulus sê ook hoe ons ons sorg aan die Here moet oorlaat. Hy skryf aan die Filippense oor gebed en sê dan: "Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend" (Fil 4:6). Die belofte wat die Here daaraan verbind is vrede wat alle verstand te bowe gaan!

Moenie besorg bly nie. Gaan met jou sorg na die Here toe. Laat dit aan Hom oor en vind so vrede en rus by Hom.

Sing: Psalm 37:1-3

Dr F van der Walt (Bellville-Oos)